

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2009(1)

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n antwoordeboek van 21 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Krediteureversoening	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS4 Krediteureversoening LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Interne beheer

VRAAG 2: 40 punte; 24 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Voorraadwaardasie en beheer	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Vertolking van finansiële inligting LU3 Bestuur van hulpbronne - AS4 Waardering van voorraad - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 3: 55 punte; 33 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Opstel, ontleding en verslagdoening van inligting oor koste

VRAAG 4: 70 punte; 42 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Finansiële state en audit van 'n maatskappy	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Finansiële state - AS6 Onafhanklike ouditeursverslag LU3 Bestuur van hulpbronne - AS3 Bateverkope - AS5 Professionele liggame

VRAAG 5: 70 punte; 43 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Kontantvloeistaat en ontleding van verhoudings	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Finale rekeninge, finansiële state en vertolking

VRAAG 6: 30 punte; 18 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomst gedek:
Debiteure-invordering en vertolking van begroting	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS3 Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 1**KREDITEUREVERSOENING****(35 punte; 20 minute)**

Jy is die interne ouditeur van Valentine Winkels, 'n geskenkwinkel waarvan Mark Masuku die eienaar is. Die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys is deur die boekhouer, Ditzzy Donald, opgestel. Die oorboeking vanaf die joernale is gedoen, maar jy het 'n aantal foute en weglatings aangeteken.

GEVRA:

- 1.1 Die Krediteurekontrolerekening het 'n saldo van **R61 417** getoon terwyl die Krediteurelys van die Krediteuregrootboek 'n totaal van **R59 387** getoon het. Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is dat hierdie twee syfers ooreenstem. (2)
- 1.2 Verwys na Inligting 2: Foute en Weglatings hieronder.
- 1.2.1 Noem die regstellings wat die boekhouer in die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek moet maak. Die eerste een is vir jou as 'n voorbeeld gedoen. Indien geen inskrywing van toepassing is nie, moet jy 'GEEN INSKRYWING' skryf. (11)
- 1.2.2 Stel 'n korrekte Krediteurelys op 31 Julie 2009 op. Toon bewerkings tussen hakies om deelpunte te verdien. (16)
- 1.3 Verskaf DRIE punte vir goeie interne beheer oor krediteure. (6)

INLIGTING**1. KREDITEURELYS OP 31 JULIE 2009**

	Debiet	Krediet
Khan Handelaars	R563	
Thankful Winkels		R30 560
Connel Bpk.		R10 890
Yolisa Groothandelaars		R18 500
TOTALE	R563	R59 950
	= R59 387	

2. FOUTE EN WEGLATINGS

- A. 'n Kredietfaktuur vir handelsvoorraad wat vir R3 400 by Connel Bpk. op 28 Julie 2009 aangekoop is, is glad nie aangeteken nie. (Sien oplossing in ANTWOORDEBOEK.)
- B. Handelsvoorraad op krediet by Connel Bpk. aangekoop, R7 200, is foutiewelik na die rekening van Yolisa Groothandelaars oorgeboek.
- C. R258 rente moet op die agterstallige rekening van Connel Bpk. in berekening gebring word.
- D. Die debietsaldo van Khan Handelaars moet na hulle rekening in die Debiteuregrootboek oorgeplaas word.
- E. Goedere van R8 350 wat aan Thankful Winkels teruggestuur is, is foutiewelik as kredietaankope hanteer en daarvolgens oorgeboek.
- F. Korting van R230 van Yolisa Groothandelaars ontvang, is foutiewelik as R320 na die Krediteuregrootboek oorgeboek. Die Algemene Grootboek is korrek.
- G. Die bedrag van R2 100 wat as 'n terugbetaling in die Krediteure-kontrolerekening getoon is, is eintlik ontvang van 'n debiteur, S Steyn, wie se rekening as oninbare skuld afgeskryf is.
- H. 'n Bedrag van R80 in die Krediteure-afslagjoernaal vir handelsvoorraad wat teruggestuur is, is na die verkeerde kant van 'n krediteur, Thankful Winkels, se rekening oorgeboek.
- I. BTW van R490 is weggelaat uit 'n faktuur vir toerusting by Yolisa Groothandelaars gekoop.

[35]

VRAAG 2**VOORRAADWAARDASIE EN BEHEER****(40 punte; 24 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Banyana Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2009. Die eienaar van die besigheid is Dawid Hambeck. Die besigheid is in Johannesburg geleë.

Dawid koop en verkoop sokkerballe en -truie. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel.

Die sokkerballe word by Suid-Afrikaanse verskaffers gekoop, en die sokkertruie van verskillende klubs en lande word van oorsee ingevoer.

Dawid het verkoops persone in diens geneem om elke voorraaditem te beheer:

- James beheer en verkoop die sokkerballe
- Cyril beheer en verkoop die sokkertruie

Dawid het op die volgende rekeningkundige beleid vir die waardering van voorraad besluit:

- Sokkerballe – Geweegdegemiddelde-metode
- Sokkertruie – Eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU)

GEVRA:

- 2.1 Alhoewel hierdie besigheid goed gevaar het, oorweeg Dawid om die besigheid te sluit en sy kapitaal in vaste eiendom te belê. Noem TWEE punte wat hy behoort te oorweeg voordat hy 'n finale besluit neem. (4)
- 2.2 Dawid vermoed dat 'n aantal sokkerballe uit die winkel gesteel is. Bereken die aantal sokkerballe wat gesteel is. (5)
- 2.3 Gebruik die toepaslike inligting om die waarde van die eindvoorraad te bereken van:
- Sokkerballe (gebruik die geweegdegemiddelde-metode) (6)
 - Sokkertruie (gebruik die EIEU-metode) (5)
- Toon jou bewerkings om deelpunte te verdien.
- 2.4 Bereken die volgende vir sokkertruie (jy mag 'n Handelsrekening voorberei om hierdie syfers te bereken):
- Koste van verkope (4)
 - Winsopslag % op koste (5)
 - Voorraadomsetsnelheid (5)
- 2.5 Indien Dawid besluit om met hierdie besigheid voort te gaan, watter raad sal jy aan hom gee? Noem TWEE punte en haal finansiële aanwysers of spesifieke inligting uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

INLIGTING:**1. Voorrade:**

Die voorrade is soos volg aan die begin en einde van die finansiële jaar gewaardeer:

Datum	Sokkerballe			Sokkertruie		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
01/03/08	1 200	R120	R144 000	520	R320	R166 400
28/02/09	900	?	?	250	?	?

2. Aankope:

Gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2009 is die volgende voorraaditems aangekoop:

Datum van aankope	Sokkerballe			Sokkertruie		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
31/03/08	1 300	R120	R156 000	400	R200	R 80 000
30/06/08	900	R150	R135 000	600	R225	R135 000
30/09/08	1 000	R175	R175 000	1 400	R255	R357 000
02/01/09	200	R180	R 36 000	100	R300	R 30 000
Totale	3 400		R502 000	2 500		R602 000

3. Vraggeld op aankope:

Gedurende die jaar het die besigheid 'n totaal van R30 200 betaal om sokkerballe na die winkel te vervoer. Die prys van die sokkertruie sluit vraggeld in.

4. Verkope:

Items	Besonderhede	Totaal
Sokkerballe	3 500 eenhede teen R320 elk	R1 120 000
Sokkertruie	2 770 eenhede teen R400 elk	R1 108 000

5. Finansiële aanwysers:

Items	Winsopslag % op koste	Voorraadomsetsnelheid
Sokkerballe	48,5%	3,9 keer p.j.
Sokkertruie	?	? keer p.j.

[40]

VRAAG 3**VERVAARDIGING****(55 punte; 33 minute)****3.1 BAKONA ASBLIKVERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Bakona Asblikvervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009.

Die besigheid vervaardig en verkoop slegs een tipe produk, naamlik plastiekasblikke.

GEVRA:

3.1.1 Stel die volgende notas tot die Produksiekostestaat op:

- Direktemateriaalkoste/Grondstofkoste (7)
- Direkte arbeidskoste (7)
- Fabrieksbokoste (16)

3.1.2 Stel die Produksiekostestaat op. (10)

3.1.3 Bereken die eenheidskoste van produksie per voltooide plastiekasblik. (3)

INLIGTING:**1. Eenhede geproduseer:**

58 000 asblikke is gedurende die finansiële jaar voltooi.

2. Voorraadsaldo's:

	1 Maart 2008	28 Februarie 2009
Direktemateriaalvoorraad/ Grondstofvoorraad	R57 900	R34 200
Goedere-in-bewerking-voorraad	169 500	120 600
Fabriek-indirektemateriaalvoorraad	8 100	7 400

3. Transaksies vir die jaar:

	R
Grondstowwe vir kontant en op krediet aangekoop	1 622 700
Defektiewe grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	23 100
Vraggeld op grondstowwe aangekoop	28 800
Salarisse:	
• Fabrieksvoorman	241 000
• Kantoorwerkers	270 000
Lone:	
• Kantoorwerkers	48 000
• Fabriekswerkers in die produksieproses (sien Inligting 4 hieronder)	?
WVF-bydraes (moet aan elke spesifieke kosterekening toegeken word):	
• Fabriekswerkers in die produksieproses	11 520
• Fabrieksvoorman	2 410
• Kantoorwerkers	2 700
Fabriek-indirektemateriaal aangekoop	125 900
Verkope van voltooide goedere (R120 per eenheid)	7 800 000
Kommissie aan verkoopspersone (10% van verkope)	?
Advertensies	145 000
Fabrieksonderhoud	85 000
Oninbare skuld	8 400
Huur moet in verhouding tot die vloerspasie toegeken word (sien Inligting 5 hieronder)	133 000
Asblikke gesteel (rand-waarde)	960
Water en elektrisiteit (sien Inligting 6 hieronder)	36 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	52 000
Diverse administrasie-uitgawes	150 800
Diverse fabrieksuitgawes	25 000

4. Fabriekswerkers in die produksieproses:

Aantal fabriekswerkers wat direk op die asblikke werk (onveranderd dwarsdeur die jaar)	12 werkers
Aantal normale ure deur elke fabriekswerker gedurende die jaar gewerk	1 600 uur
Aantal oortydure deur elke fabriekswerker gedurende die jaar gewerk	240 uur
Loonskaal (normaal)	R 60 per uur
Loonskaal (oortyd)	R100 per uur

5. Vloerspasie:

	Fabriek	Kantoor	Verkoopsdept.
Vierkante meter	1 200 vk. meter	600 vk. meter	600 vk. meter

6. Water en elektrisiteit:

15% van die bedrag word aan die kantoor en 25% aan die verkoopsdepartement toegeken. Die res is van toepassing op die fabriek.
--

3.2 KOEL VERVAARDIGERS

Hierdie besigheid vervaardig plastiekvuvuzelas.

Die inligting hieronder is van toepassing op die jaar geëindig 30 Junie 2009.

Aantal vuvuzelas vervaardig	12 000
Verkope vir die jaar (alle vervaardigde eenhede is verkoop)	R480 000
Totale vaste koste	R210 000
Totale veranderlike koste	R300 000

- 3.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste en EEN voorbeeld van 'n veranderlike koste. (2)
- 3.2.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid voor die begin van 'n finansiële jaar te bereken. (2)
- 3.2.3 Gebruik die bostaande syfers om die gelykbreekpunt te bereken. (5)
- 3.2.4 Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 3.2.3. Watter raad sal jy aan Koel Vervaardigers gee? Verduidelik kortliks. (3)

[55]

VRAAG 4**FINANSIËLE STATE EN OUDIT****(70 punte; 42 minute)****4.1 SIMPHIWE BEPERK**

Jy word voorsien van die Vooraansuiweringsproefbalans van Simphiwe Beperk. Die maatskappy koop en verkoop uniforms en hulle herstel ook uniforms vir hulle klante, waarvoor hulle 'n fooi vra. Hierdie fooie word aan die Fooi-inkomsterekening in die Algemene Grootboek gekrediteer.

GEVRA:

4.1.1 Verwys na Inligting 2J hieronder.
Bereken die wins of verlies op die verkoop van die rekenaar. Toon berekeninge. Jy mag 'n Bateverkoperekening opstel om die syfer te identifiseer. (8)

4.1.2 Voltooi die Inkomstestaar vir die jaar geëindig 30 September 2009. Die notas tot die finansiële state word NIE gevra nie. (47)

INLIGTING:

**1. SIMPHIWE BPK.
VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 30 SEPTEMBER 2009**

	DEBIET	KREDIET
Balansstaatrekeninge-afdeling	R	R
Gewone aandelekapitaal		1 300 000
Aandelepremie		170 730
Behoue inkomste (1 Oktober 2008)		170 000
Lening van Stay Bank		90 000
Grond en geboue teen kosprys	1 628 520	
Voertuie teen kosprys	220 000	
Toerusting teen kosprys	190 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Oktober 2008)		41 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Oktober 2008)		37 000
Debiteurekontrole	36 600	
Krediteurekontrole		17 960
Handelsvoorraad	479 000	
Bank		13 500
Kleinkas	2 200	
SAID – Inkomstebelasting	83 500	
Voorsiening vir oninbare skulde		1 440

Nominalerekening-afdeling	R	R
Verkope		2 720 000
Koste van verkope	1 310 000	
Debiteure-afslag	6 200	
Salarisse en lone	162 000	
Korting toegestaan	905	
Fooi-inkomste		104 750
Huurinkomste		56 000
Versekering	11 000	
Diverse uitgawes	39 250	
Direkteursfooie	390 000	
Ouditfooie	53 705	
Verbruiksgoedere	24 000	
Rente-inkomste		2 500
Gewone aandeledividende	88 000	

2. AANSUIWERINGS:

- A. Vooruitbetaalde uitgawes met betrekking tot diverse uitgawes aan die einde van die jaar, R3 200, is nie in berekening gebring nie.
- B. Op 30 September 2009 is R580 ontvang van A Ethic, wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is. Die bedrag is in die Debiteurekontrole-kolom in die Kontantjoernaal opgeteken.
- C. Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot R1 830 aangepas word.
- D. Daar was twee direkteure aan die begin van die rekeningkundige tydperk. Direkteursfooie is betaal vir die eerste helfte van die rekeningkundige tydperk. Op 1 April 2009 is 'n derde direkteur aangestel. Al drie direkteure verdien dieselfde maandelikse fooi. Maak voorsiening vir die uitstaande fooie aan die direkteure verskuldig.
- E. Huur is vir 14 maande ontvang.
- F. Die volgende kredietnota is foutiewelik uit die Debiteure-afslagjoernaal vir September weggelaat. Die winsopslag op goedere verkoop was 50% op kosprys.

SIMPHIWE BDK.		KREDIETNOTA 4533	
		28 Sept. 2009	
Krediet:	Supaclean Bpk. Posbus 340, Westmead, 3610	Prys per eenheid	Totaal
24	Uniforms teruggestuur	R400	R9 600
	Vermindering van fooie gevra vir herstel van uniforms		R 750
			R10 350

G. 'n Fisiese voorraadopname op 30 September 2009 toon die voorraad van uniforms voorhande as R490 000.

H. Die leningstaat van Stay Bank toon die volgende:

Saldo aan begin van finansiële jaar	R150 000
Terugbetalings gedurende die jaar	R 78 000
Rente gekapitaliseer	R ?
Saldo aan einde van finansiële jaar	R 90 000

I. Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op die verminderendesaldo-metode bereken.

J. Waardevermindering op toerusting word teen 10% p.j. op die kosprys bereken. Neem kennis dat 'n toerustingitem deur een van die direkteure, Ivor Steele, op 30 Junie 2009 vir sy privaat gebruik teen R800 kontant oorgeneem is. Die relevante bladsy van die Vastebate-register word hieronder voorsien. Geen inskrywings is met betrekking tot die verkoop van dié bate gemaak nie.

VASTEBATE-REGISTER

Bladsy 12

Item: VYE Rekenaar

Grootboekrekening: Toerusting

Datum Aangekoop: 1 April 2006

Kosprys: R22 000

Waardeverminderingsbeleid: 10% p.j. op kosprys

Datum	Waardevermindering-berekeninge	Huidige Waardevermindering	Opgehoopte Waardevermindering
2006 30 September	R22 000 x 10% x 6/12	R1 100	R1 100
2007 30 September	R22 000 x 10% x 12/12	R2 200	R3 300
2008 30 September	R22 000 x 10% x 12/12	R2 200	R5 500
2009 30 Junie	?	R ?	R ?

K. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R63 280.

- 4.2 Jy word voorsien van die volgende uittreksel geneem uit die verslag van die onafhanklike ouditeurs.

UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURS	
Paragraaf 1	Ons het die jaarlikse finansiële state van Simphiwe Beperk vir die jaar geëindig 30 September 2009 geouditeer soos op bladsye 8 tot 17 uiteengesit. <u>Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure.</u> Ons verantwoordelikheid is om 'n mening te lug oor die finansiële state wat op ons audit gebaseer is.
Paragraaf 2	'n Oudit sluit in: • Ondersoek, op 'n toetsbasis, van <u>bewyse wat die bedrae</u> in die finansiële state <u>ondersteun</u>; • Assessering van die <u>rekeningkundige beginsels gebruik</u> en noemenswaardige ramings deur bestuur gemaak; • Evaluering van die algehele voorlegging van die finansiële state.
Paragraaf 3	Ouditmening Na ons mening verstrek hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy op 30 September 2009 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973) in Suid-Afrika.
<i>Bailey & Nofwe</i>, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) 10 Nov. 2009	

GEVRA:

- 4.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is dat die onafhanklike ouditeur 'n lid van 'n professionele liggaam moet wees. (2)
- 4.2.2 Verwys na die onderstreepte sin in paragraaf 1. Waarom sluit die ouditeure hierdie sin by die verslag in? Verduidelik kortliks. (2)
- 4.2.3 Verwys na die onderstreepte woorde in paragraaf 2.
- (a) Gee EEN voorbeeld van 'bewyse' wat 'n ouditeur sal gebruik. (2)
- (b) Gee EEN voorbeeld van die 'rekeningkundige beginsels' wat hy/sy as deel van die audit sal assesseer. Verduidelik waarom die ouditeur hierdie beginsel sal ondersoek. (3)
- 4.2.4 Verwys na paragraaf 3. Verduidelik waarom jy met hierdie auditmening tevrede sal wees. (2)
- 4.2.5 Verwys na die verkoop van die rekenaar vir R800 in Inligting 2J van VRAAG 4.1. 'n Ander direkteur, Sam Smith, het gekla dat Ivor Steele oneties opgetree het toe hy die rekenaar vir R800 oorgeneem het. Ivor verskil hiervan.
- (a) Gee EEN mening om Sam te ondersteun.
- (b) Gee EEN mening om Ivor te ondersteun. (4)

[70]

VRAAG 5**KONTANTVLOEISTAAT EN ONTLEDING VAN VERHOUDINGS****(70 punte; 43 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die finansiële state van Manchester Bpk., verspreiders van uitsonderlike parfuums.

GEVRA:

- 5.1 Berei die volgende voor:
- 5.1.1 Voltooi die nota vir versoening tussen die wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer. (8)
 - 5.1.2 Stel die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 op. (28)
Alle bewerkings moet tussen hakies getoon word om deelpunte te verdien.
- 5.2 Bereken die volgende vir 2009:
- 5.2.1 Bedryfsverhouding (3)
 - 5.2.2 Vuurproefverhouding (4)
 - 5.2.3 Netto batewaarde per aandeel (4)
 - 5.2.4 Skuld/Ekwiteitsverhouding (Hefboomverhouding) (3)
- 5.3 Verduidelik waarom die direkteure besluit het om die langtermynlening noemenswaardig te verminder gedurende die huidige finansiële jaar. Was dit, na jou mening, 'n wyse besluit? Verduidelik, deur bewyse (syfers/finansiële aanwysers) uit die vraag aan te haal. (6)
- 5.4 Lewer kommentaar oor die opbrengs op die aandeelhouersekwhiteit, verdienstes en dividende deur die aandeelhouders verdien. Haal bewyse (syfers/finansiële aanwysers) uit die vraag aan. (6)
- 5.5 Bereken die premie waarteen die nuwe aandele uitgereik is. (5)
- 5.6 Die bestaande aandeelhouders is ongelukkig oor die prys waarteen die addisionele aandele verkoop is. Bespreek, deur EEN syfer of finansiële aanwyser aan te haal om jou antwoord te ondersteun. (3)

INLIGTING:

1.	Uittreksel uit die Inkomstestaat	R
	Waardevermindering	33 500
	Rente-uitgawe	164 450
	Netto wins voor belasting	844 300
	Inkomstebelasting (koers 30% van netto wins)	?

2.	BALANSSTAAT	28 Februarie 2009	28 Februarie 2008
	BATES		
	Niebedryfsbates	3 490 885	3 017 500
	Vaste/Tasbare bates teen drawaarde	3 440 885	2 967 500
	Vaste deposito by PDV Bank	50 000	50 000
	Bedryfsbates	320 000	231 250
	Voorraad	251 250	110 250
	Handelsdebiteure	60 000	76 000
	Kontant en kontantekwivalente	1 250	45 000
	SAID – Inkomstebelasting	7 500	0
	TOTALE BATES	3 810 885	3 248 750
	EKWITEIT EN LASTE		
	Kapitaal en reserwes	3 120 000	1 443 000
	Gewone aandeelkapitaal (R5 pariwaarde)	2 085 000	1 050 500
	Aandelepremie	268 970	0
	Behoue inkomste	766 030	392 500
	Niebedryfslaste	300 000	1 525 000
	Lening: Enid Bank teen 15% p.j.	300 000	1 525 000
	Bedryfslaste	390 885	280 750
	Handelskrediteure	209 945	220 475
	Bankoortrekking	47 500	0
	Aandeehouers vir dividende	133 440	52 525
	SAID – Inkomstebelasting	0	7 750
	TOTALE EKWITEIT EN LASTE	3 810 885	3 248 750

3. ADDISIONELE INLIGTING:

- A. Bykomende nuwe aandele is teen 'n premie halfpad deur die jaar op 31 Augustus 2008 uitgereik. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir tussentydse dividende nie.
- B. Vaste bates is vir R100 000 kontant teen drawaarde verkoop.
- C. Verdienste en dividende per aandeel was soos volg:

	2009	2008
Verdienste per aandeel	189 sent per aandeel	135 sent per aandeel
Totale dividende	72 sent per aandeel	105 sent per aandeel
Tussentydse dividende	40 sent per aandeel	80 sent per aandeel
Finale dividende	32 sent per aandeel	25 sent per aandeel

- D. Jy word ook voorsien van die volgende finansiële aanwysers:

	2009	2008
% opbrengs op aandeelhouders se ekwiteit	26%	21%
% opbrengs op kapitaal aangewend (na belasting)	24%	10%
Netto batewaarde per aandeel	?	687 sent

- E. Die prys van die aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSB) het gewissel tussen 680 sent en 780 sent oor die afgelope jaar.

[70]

VRAAG 6**DEBITEURE-INVORDERING EN KONTANTBEGROTING (30 punte; 18 minute)**

Joe Tyler is die eienaar van Afrika Keramiek. Hy verkoop 'n wye reeks keramiekteëls. Die volgende inligting is uit die boeke bekom:

GEVRA:

- 6.1 Voltooi en tel die totale van die Debiteure-invorderingskedule vir November en Desember 2009 op. (13)
- 6.2 Verwys na Inligting 3 hieronder. Vergelyk die begrote syfers met die werklike syfers vir Oktober om kommentaar op elk van die volgende te lewer. Noem TWEE punte in elke geval.
- Advertensies
 - Herstelwerk en instandhouding
 - Afleveringsuitgawes
- (6)
- 6.3 Joe is in sy skik dat die aantal klante toegeneem het. Jy stem nie saam dat hierdie toename in klante goed is nie.
- (a) Verduidelik TWEE probleme wat jy geïdentifiseer het en haal syfers uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun. (4)
- (b) Gee EEN stukkies advies in elke geval. (4)
- 6.4 Deur na die Kontantbegroting in Inligting 3 te kyk en deur aan te neem dat alle ander items in ooreenstemming met die begroting is, sal jy verwag dat die banksaldo aan die einde van Oktober gunstig of ongunstig sal wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

INLIGTING:**1. DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VAN AFRIKA KERAMIEK VIR DIE PERIODE GEËINDIG 31 DESEMBER 2009**

Maand	Kredietverkope R	DEBITEURE-INVORDERING		
		Oktober 2009 R	November 2009 R	Desember 2009 R
Augustus	360 000	64 800		
September	540 000	270 000		
Oktober	450 000	129 600		
November	420 000			
Desember	420 000			
TOTALE		464 400		

2. VERWAGTE INVORDERING VAN DEBITEURE:

- 75% van alle verkope sal na verwagting op krediet wees.
- 30% van debiteure vereffen rekeninge gedurende die transaksiemaand om voordeel te trek uit 'n 4%-korting vir vroegtydige betaling.
- 50% van debiteure vereffen rekeninge in die maand ná die transaksie-maand.
- 18% vereffen rekeninge gedurende die tweede maand ná die transaksie-maand.
- 2% word na 60 dae as oninbaar afgeskryf.

3. BEGROTE EN WERKLIKE SYFERS:

Aan die einde van Oktober is die volgende werklike syfers geïdentifiseer en met die begrote syfers vergelyk:

Uit die Geprojekteerde-inkomstestaat:	OKTOBER BEGROOT R	OKTOBER WERKLIK R
Totale verkope	600 000	672 000
Kontantverkope	150 000	70 000
Kredietverkope	450 000	602 000

Uit die Kontantbegroting:	OKTOBER BEGROOT R	OKTOBER WERKLIK R
Invorderings van debiteure	464 400	238 588
Aankoop van handelsvoorraad	375 000	420 000
Advertensies	15 000	25 000
Herstelwerk en instandhouding	16 500	3 800
Afleweringssuitgawes	20 000	42 000
Banksaldo aan einde van maand	120 000	?

[30]**TOTAAL: 300**